Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

Die Hoërskool Wonderboom

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 13 September 2019

## 1. LEERDERDEELNAME EN -PRESTASIES



**Rugby Sewes:**

Baie geluk aan die Rugby Sewes-span met hul oorwinnings van 17-0 teen Duo Edu en 17-7 teen die Hoërskool Oos-Moot.

**Krieket:**

Die Wonnies het hierdie week hul staal gewys teen HTS John Vorster. Ongelukkig het die 0/14-Span verloor, maar tydens die Eerste Span-wedstryd is die paaltjies verhang. HTS John Vorster teken 142 lopies aan, waarna die Wonnies 146/9 aanteken en met 1 paaltjie wen. Baie geluk.

**Krieket (Meisies):**

Graag wens ons vir Simoné Swart geluk. Sy is verkies tot die Northen Titans (0/16) dogterskrieketspan.

**Sagtebal:**

Verskeie wedstryde is gespeel. Dit is beslis 'n harde seisoen, maar ons wens die 0/16 span geluk met hul gelykop-telling teen Hoërskool Montana, terwyl die 0/19 B-span 13-0 wen teen die Hoërskool Eldoraigne.

## 2. STUDIELEIDING OPVOLGKURSUS: GR. 9-LEERDERS:

Op 12 Augustus 2019 is 'n omsendskrywe uitgestuur aan Gr. 9-ouers, rakende `n studieleiding-opvolgkursus, wat aangebied kan word teen R50-00 per leerder. Slegs enkele afskeurstrokies is egter terugontvang. Dié ouers sal persoonlik gekontak en reëlings getref word ten einde vroeg volgende kwartaal die opvolgkursus vir dié spesifieke leerlinge aan te bied.

## 3. TIENERSTEUNGROEP (TSG):



Die Gr. 10-leerlinge het die afgelope twee weke geleentheid gehad om aansoek te doen vir die TSG vir 2020. Die aansoeke het ingestroom om lid te word van hierdie gewilde ondersteuningsnetwerk wat uniek is by Die Hoërskool Wonderboom. Die nuwe TSG-lede sal vroeg in die vierde kwartaal aangekondig word.

Die Gr. 11-TSG-lede is nog volgende jaar deel van die TSG en het `n heerlike jaarafsluiting by Kota Joe gehad. Ons neem met `n swaar hart afskeid van ons Gr. 12-TSG-lede en bedank hulle vir die diens wat hulle gelewer het.

**4. WONDERLIG:**



Die Gr. 9-leerlinge het hierdie kwartaal die geleentheid gehad om deel te wees van die Wonderlig groepprojek. Daar was te veel inskrywings vir een groep en die projek is gevolglik twee oggende `n week aangebied. Die finale sessie is afgesluit met die gebruiklike feesvieringsgeleentheid in die Flambojant, waar die deelnemers sertifikate en balkies ontvang het.

**5. MIDMAR-MYL:**



Die Wonnies gaan in Februarie 2020 deelneem aan die Midmar-myl. Ons vertrek op Vrydag, 7 Februarie 2020 en keer op Sondag, 9 Februarie 2020, terug. Dit vind plaas by die Midmardam in Howick (Kwazulu-Natal). Mnr. Lezar en mnr. Hanafy is ook uitgedaag om saam te swem en hulle het die uitdaging aanvaar! Vir verdere navrae, kontak gerus me. E Hornby.

**6. ProTec Solutions:**

Die Hoërskool Wonderboom neem hande saam met ProTec Solutions ten einde die Wonnie-gemeenskap die geleentheid te bied om kennis op te doen rakende verskeie kursusse (Excel, Pastel en Boekhou). Bestudeer gerus die advertensie en maak gebruik van dié inisiatief.




**7. AFWESIGHEDE:**

Afwesighede van leerders beïnvloed beslis hul vordering op skool. Bestudeer gerus die volgende ter stawing van dié argument:

| DIE EFFEK VAN AFWESIGHEDE | | | |
|---|---|---|---|
| **Afwesighede** | **Is gelyk aan** | **Dit is dus ongeveer…** | **In 13 skooljare** |
| 5 min 'n dag | 25 min 'n week | 1 week 'n jaar | Ongeveer 'n ¼ van die jaar |
| 10 min 'n dag | 50 min 'n week | 2 weke 'n jaar | Ongeveer die helfte van die jaar |
| 15 min 'n dag | 1 uur 15 min 'n week | 3 weke 'n jaar | Meer as 1 skooljaar |
| 20 min 'n dag | 1 uur 40 min 'n week | 4 weke 'n jaar | Ongeveer 1½ jaar |

M LEZAR
SKOOLHOOF